

## **Skrifgedeelte: Matteus 12:22-37**

### **Fokusvers: Matteus 12:28**

#### **Tema: Die koninkryk van God: dra goeie vrugte deur die kragtige werk van die Heilige Gees!**

Daar is verskillende maniere om 'n boom te identifiseer. Mens kan kyk na die tipe blaar wat die boom het, die vorm van daardie blaar, die tekstuur en kleur van die stam, waar die boom voorkom en of die boom immergroen of bladwisselend is. Maar as mens heeltemal seker wil wees, kyk na die vrugte! Mens kan dalk nog 'n naartjie- en lemoenboom met mekaar verwar, maar as jy na die vrugte kyk weet jy vir seker watter een is watter boom.

Dit is die beeld wat Jesus Christus in Matteus 12:22-37 gebruik. Dikwels lees ons hierdie laaste gedeelte oor die goeie boom wat aan sy goeie vrugte geken word en ons maak dit net van toepassing op gelowiges en ongelowiges. En alhoewel dit ook van toepassing is op gelowiges en ongelowiges, moet ons onthou wat hier aan die gebeur was. Die Fariseërs was hier besig om vir Jesus aan te kla dat Hy met behulp van Beëlsebul die demone uitgedryf het. Hierdie voorbeeld van die goeie boom met goeie vrugte is deel van die redenasie hoe Jesus vir die Fariseërs bewys dat dit nie met behulp van Beëlsebul is dat Hy die demone uitgedryf het nie, maar dat Hy dit deur die Heilige Gees gedoen het.

Dit gaan dus in hierdie gedeelte oor Jesus Christus wat deur die Heilige Gees dade gedoen het wat getuig van die koninkryk van God en dat God die hoogste, grootste en ewige Koning is. Juis dit is die skerp punt van Matteus 12:28. Die Ou Afrikaanse Vertaling het hierdie vers vertaal as "As Ek deur die Gees van God die bese geeste uitgedryf het..." terwyl die Nuwe Afrikaanse Vertaling hierdie vers vertaal het met "Aangesien Ek deur die Gees van God die bese geeste uitgedryf het..." en alhoewel hierdie twee vertalings verskil is die doel dieselfde: Jesus gee met hierdie woorde 'n vaste waarheid deur: dit is net deur die Heilige Gees wat Hy die bese geeste uitgedryf het en wat die koninkryk van God naby gekom het!

Wanneer ons dan deur die res van die Nuwe Testament lees, hoor ons hoe die Heilige Gees aktief betrokke is elke keer wanneer die koninkryk van God bekend gemaak word. Dink maar aan die uitstorting van die Heilige Gees en hoe die dissipels van die Here begin het om in verskillende tale te praat, sodat al die verskillende volke en nasies wat in Jerusalem was, hulle kon verstaan en die boodskap kon hoor.

Selfs reeds aan die begin van Jesus Christus se bediening, toe Hy met sy doop gesalf was vir die werk wat Hy moes kom doen, het die Heilige Gees op Hom neergekom in die vorm van 'n duif en net daarna het Hy begin om te preek en wonders te doen en te sê: "Bekeer julle, want die koninkryk van God het naby gekom!"

Wanneer Jesus Christus dus in hierdie gedeelte praat oor die Heilige Gees en die werk van die Heilige Gees, moet ons altyd in gedagte hou dat dit hier gaan oor die bekendmaking van die koninkryk van God en van Jesus Christus wat die bese kom oorwin het.

Dit is dan ook hierdie waarheid wat ons in gedagte moet hou wanneer Jesus Christus praat van die onvergeeflike sonde - dat alle sonde die mens vergewe kan word, behalwe die sonde van laster teen

die Heilige Gees. Jesus sê dat dit selfs die mens vergewe kan word as hy iets teen die Seun van die mens, Jesus Christus, sê, maar nie teen die Heilige Gees nie.

Onthou, Jesus was hier besig om met die Fariseërs te praat oor die feit dat hulle nie wou erken dat Hy deur die Heilige Gees die bose geeste uitgedryf het nie. Hulle wou nie aanvaar dat dit wat Hy as mens gedoen het, die werk van God was nie en selfs dit sou hulle vergewe kon word.

Wat hierdie onvergeeflike sonde dan wel is, is om Jesus Christus as God te ontken en nie te aanvaar nie. Dit is om die geloof in Jesus Christus te verwerp: die geloof wat die Heilige Gees in jou werk en wat jy net kry wanneer jy God in gebed smeek om die Heilige Gees. Om die Heilige Gees dus te laster is om Hom te verwerp en om Jesus Christus nie as God te aanvaar nie.

Daarom het elkeen van ons wat werklik glo en wat Jesus Christus in die geloof omhels, die wonderlike troos dat ons nie die Heilige Gees laster nie en dat al ons sondes ons vergewe is alleen op grond van dit wat Jesus Christus vir ons gedoen het. Die feit dat ons glo en dat die Heilige Gees in ons woon en werk, is die belofte dat ons nie hierdie sonde doen nie en ook nie sal doen nie! Juis dit is die rede hoekom Jakobus ons leer dat geloof tot daad oorgaan en dat ons daardeur sekerheid van geloof kry. Dit wat ons doen, is getuies van die Heilige Gees wat in my werk en wat die waarborg is dat ek nie teen die Heilige Gees laster nie!

Tog maak Jesus Christus vir ons iets anders ook bekend in hierdie gedeelte: daar is in werklikheid net twee koninkryke wat bestaan: die koninkryk van God en die koninkryk van Satan en hierdie twee koninkryke is in stryd met mekaar. Daar is `n oorlog aan die gang en ek en jy is vasgevang in hierdie oorlog - óf jy is deel van God se koninkryk óf jy is deel van Satan se koninkryk.

En alhoewel hierdie oorlog aan die gang is, is die oorwinning klaar behaal. Die oorwinning is vas en seker. Toe Jesus Christus in hierdie verhaal die bose gees uitgedryf het, het Hy reeds een van die gevegte gewen. Maar toe Hy uit die graf opgestaan en die dood oorwin het, het Hy ook die oorwinning oor Satan behaal en die oorlog gewen. Tog hou die Satan nie op nie. Hy hou aan om soos `n brullende leeu te loop en prooi te soek om te verskeur. Hy hou aan om die kerk van die Here aan te val en te teister.

Juis om hierdie rede moet elkeen van ons versigtig wees en aanhou om te vra dat God die Heilige Gees aan ons sal gee om ons te lei en om in ons te woon. Juis om hierdie rede moet ons al hoe meer, elke dag, tot God nader en van die duiwel af wegvlug. Ons kan nie maar net houtgerus terug sit en dink ons is nou maar "so gemaak en so gelaat staan" nie. Reddende geloof wat deur die Heilige Gees aan jou en my gegee is, is dinamies. Dit verander ons. Dit neem ons lewens oor en gee elke aspek van my lewe oor aan God. My geloof in God bepaal dan elke faset van my lewe en elke deel van my lewe getuig dan van my lewende verhouding met God, deur Jesus Christus en die kragtige werk van die Heilige Gees.

Jy is óf `n goeie boom óf `n slegte boom en dit is alleen die Heilige Gees wat van `n slegte boom `n goeie boom kan maak deur die wedergeboorte. In hierdie stryd is daar nie `n middeweg nie en ook nie plek vir `n draadsitter nie.

Daarom is die koninkryk van God `n plek waar mens goeie vrugte dra en jy dra dit alleen deur die werk van die Heilige Gees in jou. Deur die vrugte wat jy dra word jy verseker van jou reddende

geloof in Jesus Christus wat deur die Heilige Gees aan jou gegee word. Die koninkryk van God: dra goeie vrugte deur die kragtige werk van die Heilige Gees!

Amen